SUPER TEKEN

Dankie. [’n Broer sê: “En ons wil jou weer uitnooi, amen, omtrent ’n jaar van nou af, enige tyd. Amen.”—Red.] Dankie. Baie dankie. God seën jou. Dankie. Baie dankie. Goeiste, dit laat my beslis welkom voel. Baie dankie. Ek waardeer dit.

2 En predikers partymaal, julle weet, wanneer ons al die pogings wat ons kan, reg in alles aanwend, dan sien dat dit waardeer word deur die mense, goeiste, laat dit jou net so goed voel. Ek waardeer julle beslis, ek sal altyd vir julle bid. En as die Here wil, sal ek weer terug wees. En ek sal graag wil terugkom en sien . . . [Gemeente gee applous—Red.] Dankie. As Hy vertoef en dit Sy wil is, sal ons terug wees om julle weer te sien.

3 Hierdie is my, ek dink, omtrent my derde reis hierheen in elk geval. En so het ons gehoop om terug te kom wanneer ons miskien ’n bietjie langer kon bly, die gronde kry, ensovoorts, vir ’n bietjie langer en . . . [Die gemeente gee applous—Red.] Dankie. Dit was ’n—’n groot plesier, een van die beste dienste wat ons in ’n lang, lang tyd gehad het, sulke goeie gemeenskap, samewerking, liefde. Dis die ding wat die harte van die mense saamsmelt, is die liefde van God.

4 En al wat ek weet, en ek sou . . . As ek al God se gawes gehad het in ’n yslike groot plek waar ek kon ingaan en enige gawe ontvang wat ek wou, sou ek liefde aanvaar bo enige van hulle. Ek sou liewer liefde wou hê as al die gawes wat God het, want “waar daar tale is, hulle sal ophou; waar daar profesie is, dit sal faal,” maar wanneer dit liefde is, dit hou vir altyd en ek . . . die liefde.

5 Ek dink net dis die mees, wonderlikste woord, *liefde*. Dit word afgebreek in twee verskillende woorde. Daar’s ’n—’n liefde wat *fileo* liefde genoem word, dis die liefde wat ons vir mekaar het, natuurlik. En dan is daar *Agapao* liefde, wat van God af kom, dis ’n goddelike respek en liefde. En ek’s so bly om vanmiddag in hierdie gemeenskap te wees waar albei fases van die liefde werksaam is, gemeenskap met mekaar, en die liefde van God uitgestort in ons harte deur die Heilige Gees.

6 Ek wil daardie koortjie bedank. En Broer Borders het pas gekom en vir my gesê, gesê: “Broer Branham, dis nie ’n uitgekieste koor nie, dis net mense van die veldtog, net verskillendes.” Julle behoort mekaar se name te kry en ’n koor te vorm, dis baie goed. En ek hou ook beslis van julle boodskap, dat julle wedergebore is. Ek is bly om saam met julle gemeenskap te hou daaroor, ek is ook wedergebore deur dieselfde Gees en in dieselfde familie, en daardeur is julle my broer en suster.

7 Dis die enigste plek waar gemeenskap ooit kan wees, is onder die Bloed van Jesus Christus. God 'n besluit maak, moet dit vir altyd so wees. En God se eerste besluit om die mens in gemeenskap in te bring met Homself, was onder die bloed, vanaf die tuin van Eden tot hierdie einste minuut, dis die enigste plek wat die Ou Testament, net een plek, dit was onder die bloed. Job, hoe stewig hy daarop gestaan het, in die wete toe hulle hom 'n geheime sondaar genoem het, hy tog geweet het dat hy onder die gestorte bloed was, en alles in orde moes wees. So ons is bly daaroor vandag.

8 Ek weet net nie hoe om my dank te betuig teenoor hierdie gawe broers hier, julle broers nie. Hoe gaaf was julle, ek het nog nooit 'n beter borgskap in my lewe gehad nie, julle was net die beste in alles. Ek vertrou dat God 'n herlewingsvuur in elkeen van julle kerke sal aansteek wat net—net sal, julle groter kerke sal moet bou, en uitbrei, en julle tente optrek, en verder uitbrei, en net reguit voortgaan. En mag die herlewingsvure nooit eindig tot ons vir Jesus van aangesig tot aangesig sien nie.

9 Daar was nie 'n ding waarvoor ons gevra het of enigiets, wat hierdie groep manne nie net perfek was om te help op enige manier wat hulle kon nie, wat hierbo op die platvorm sit, die Boodskap verteenwoordig. En, julle weet, elkeen van ons mag 'n ietsie *hier* of *daar* hê waaroor ons van mekaar mag verskil, daar's nooit een woord gesê nie, net wat dit ook al is, ons neem dit en beweeg reguit aan. Nou, dis wat jy gemeenskap noem, dis reg, regte gemeenskap.

10 God seën julle, my broers. Die nag sal nooit te donker word, of die reën te hard val, dat ek nie enigiets sal doen vir julle wat ek kan, die heeltyd vir julle bid nie. Bid vir my, ek maak gereed om na 'n paar sendingvelde toe te gaan, en 'n paar rowwe plekke, ek sal staatmaak, ek het 'n groep broers hier wat vir my bid. Sien?

11 Ek hoop om spoedig terug te wees by julle, een of ander tyd wanneer ons langer kan bly, en—en net 'n tyd hê waar ons nie hoef in te jaag, en uit te spring, en so in te spring nie. Dit maak almal senuweeagtig, en dit, die mense waarvoor gebid word, dit maak hulle senuweeagtig. Net omtrent die tyd wat hulle halfpad probeer verstaan wat jy bedoel, dan moet jy gaan, sien, en hulle begryp dit nie.

12 Maar laat ek dit vir julle sê: As ek genade gevind het in julle oë, daar sal baie, baie mense wees wat hiernatoe gekom het wat siek was, wat dit dalk nie op hierdie tyd al sal weet nie, maar kyk julle en vind uit in julle kerke en dinge, broers, daar was 'n . . . soveel dinge wat hier gebeur het, dat ek hulle net nie kan uitroep oor die gehoor soos daardie, net so vinnig as wat dit kon gebeur nie. En ek kon dit net nie doen nie, en ek het gedink: "Wel, solank twee of drie, of vier, vyf, ses, wat dit ook al was, mee gepraat

het, sal die res verstaan." Dit was 'n goeie geloof daarbuite, en 'n geloof hier, oral was daar 'n goeie geloof, ek waardeer dit.

13 En aan. . . Ek het sommige van my broers hier wat ek nog nooit in die diens gesien het nie, Ek het hulle oorkant gesien by die kerk van die. . . sinagoge nou die dag. Broer Fred Sothmann, een van ons trustees van die kerk, Broer Fred, is jy hier? Staan op, as jy is. Broer Fred Sothmann, ver agter aan die agterkant daar, hy en sy vrou en familie.

14 En ek verstaan dat Broer Tom Simpson ook hier is, Kanadese vriende wat by ons bly in Jeffersonville. Waar is julle, Broer Tom en sy familie? Broer Tom ook agter, nou van hier af buitentoe is dit soort van moeilik, die lig skyn *daarteen* daar oorkant, ek kan nie sien nie.

15 Broer Banks Wood, 'n gawe broer wat 'n Jehova Getuie was, en hy het na een van die dienste toe gekom, en hy het gesien hoe die Here werk. En 'n vrou, of, 'n jong dame wat hierdie hier gehad het. . . wat versteen het in haar bene en haar arms, sy kon hulle nie beweeg nie, hulle was net lam. En ons het vir haar gebid, die Heilige Gees het een aand gekom, en dit gesê, en haar toe vertel: "SO SPREEK DIE HERE, jy gaan reg wees." En die volgende oggend, het sy op-en-af met drie of vier stelle trappe gehardloop, en die volgende dag in die gebou ingekom en God geprys. Nou, dit het hom verstom.

16 So hy het 'n seun, David, gehad, 'n jong kêrel, wat polio gehad het, 'n been onder hom opgetrek. Ek het van daardie diens af Swede, Switserland, of, Swede, dink ek was dit, en Noorweë toe gegaan. En toe, toe ek teruggekom het, het ek 'n diens gehad bo by. . . bo in Ohio daar, ek vergeet die naam van die plek, by die Great Lakes.

17 En een aand, terwyl ek gepreek het, en 'n groot skare mense, en ek het 'n seuntjie gesien met 'n geel baadjie aan, het een been opgetrek gehad, mank soos hy probeer loop het. En die Heilige Gees het omgedraai na Banks Wood, ver onder van LaGrange, Kentucky, met 'n—'n kreupel seuntjie, en die Here sou hom gesond maak, hy sou genees word. Hy hoef nie te gewag het nie, net daar is daardie kruppel been reguit gemaak.

18 Broer Wood is hier iewers vandag. Ek het hom nog nie weer gesien nie, maar ek weet hy's hier, hy's die boek verkoopsman. Sy seun, daardie seun met die kreupel been, hy skaars, hy moet staan, dink watter been dit was, wat reggemaak is. Hy's getroud en het twee mooi kinders, hy en sy vrou is by ons vandag.

19 David, is jy hier iewers, in die gebou? Sal jy opstaan? As ek kon sien, ek. . . is hy. . . David, ja, daar is hy. Daar is 'n getuie van die krag van God, David Wood, 'n kreupel seun deur polio, en wat nou net so normaal lewe, en sy been net so perfek soos daardie. . . dit kan wees. Die genade van God!

20 Broer Wood, Broer Banks Wood, en Suster Wood, hulle is . . . weet julle wat het hulle gedoen? Hy's 'n kontrakteur, en 'n goeie een ook, bouer, hy het gekom uit 'n skool van kontrakteurs en bouers. Maar toe Hy dit gedoen het, is hy bekeer, ek het hom gedoop, hy het die Heilige Gees ontvang.

21 En toe, natuurlik met sy mense wat Jehova Getuies was, sou hulle hom onmiddellik ekskommuniseer, sommer nou. So sy broer het afgekom om met hom te praat, en hy wou weet waar hierdie "kwakprediker" was met wie hy so saamgegaan en mee gelol het.

22 En Mnr. Wood het alles verkoop wat hy gehad het, sy huise verhuur, en soontoe getrek, en woon net reg langs my, van al die plekke, reg langs my. En ek sê vir julle, ek's bly ek kan dit sê van Broer Wood vanmiddag: hy's 'n Handelinge 2 Christen, 'n regte man.

23 En sy broer het afgekom om met hom te praat. En hulle was . . . Sy vader was 'n leser in die Jehova Getuie en 'n goeie man. En ek het nog nooit enige van sy mense gesien nie. So sy broer het afgekom om met hom te praat, en gewonder waar daardie "kwakprediker" was.

Gesê: "Hy's *daarbuite* besig om die gras te sny, die agterplaas."

24 Ek het ingekom met 'n ou stukkende hoed op, gaan sit en met hom gepraat, en die Heilige Gees het afgekom en gesê: "Jy is 'n—jy's 'n getroude man, jy het jou vrou verlaat, jy het twee klein seuntjies."

En hy het omgekyk na Broer Wood daaragter, asof om te sê: "Ja, jy het dit vir hom vertel."

25 Ek het gesê: "Ek weet wat jy gesê het. Maar hy het dit nooit vir jou vertel nie: Jy gaan uit met 'n vrou, en sy het rooibruin hare. En, paar aande gelede het jy by die deur gestaan, iemand het aan die deur geklop en dis 'n goeie ding dat jy nie gegaan het nie, toe jy deur die venster gekyk het, want die man sou, jou kop afgeskiet het met 'n pistool." Dit het dit gedoen. Toe het ek hom gedoop, hy het die Heilige Gees gekry.

26 Toe het die suster afgekom, 'n lieflike vrou, afgekom, sy wou sien waaroor dit alles gaan. Ek het haar gedoop, sy het die Heilige Gees gekry. Toe het die vader baie ontsteld geraak, en hy het afgekom. Reg, hy sou afkom en my behoorlik regsien, want ek was heeltemal verkeerd in my Doktrine.

Broer Wood het gesê: "Kom ons vat hom net om te gaan visvang."

27 Ek het gesê: "Goed." So ons het begin afgaan in Kentucky, om vis te vang. Ek sou hom net die praatwerk laat doen. Dis die beste manier, julle weet, laat hulle die—die ding noem.

28 So daardie oggend, dit het heelnag gereën, en die volgende oggend toe ons oor die Ohiorivier gaan, het ek gesê: "Wel nou, al die strome . . ." 'n Visioen het gekom, ek het gesê: "Al die strome gaan modderig wees. Ons sal nie kan visvang tot ons by hierdie plek kom waarnatoe ons gaan nie," omtrent 'n honderd myl. "En dan, gaan dit baie mooi en helder wees, en ons gaan visvang, die reën het net daarby verbygegaan, sodat ons kan visvang. En dan, gaan ons, vandag, nie enigiets vang nie."

29 "En vanaand, as dit donker word, gaan Mnr. Banks Wood, hier, 'n klein vissie, baber, vang, en ek gaan 'n hele klomp van hulle vang. Julle gaan dieselfde aas gebruik, reg langs my, en ek gaan 'n hele klomp hê. En dan, gaan ons omtrent elfuur ingaan. Die volgende oggend gaan ons uitkom, en ek gaan 'n groot vis vang met skubbe op, ek kan nie presies sien watter soort dit is nie, maar dit gaan 'n groot vis wees. Daar sal nie nog gevang word vir die res van die dag nie."

30 Ek het vir Mnr. Wood gesien, Oupa Wood, wat rondkyk soos daardie, en *sê*, asof om te sê: "O, *ja*, ons sal sien hoe dit uitkom."

31 So oppad soontoe het ons vertel, en Banks het hom vertel van hoe die visioene (En uit was, ek en Broer Banks lewe saam, slaap saam, ons is net broers.), en hoedat hy gesien het op die rivier, en Lyle was saam met hom, hoe, een middag 'n vis gevang, ek gesê het: "Iets gaan gebeur. Daar gaan 'n opstanding van lewe wees."

32 En die volgende oggend het ons blou-wang sonvisse gevang om aan die vislyne te sit, en Mnr. Lyle, Bank se broer, het een gevang, wat die hoek ver afgesluk het. Hy het dit nie vinnig genoeg omgedraai nie, en dit uit die water uitgepluk, en net die binnegoed, en kieue uit sy keel uitgetrek, dit op die water gegooi, gesê: "Kleintjie, jy het jou laat asem uitgeblaas." En dit het 'n bietjie gewikkel, daar gelê en verstyf, klein vissie, die, wat julle hier, 'n kurper noem, dink ek. En dit het rondgedryf op die water vir omtrent 'n halfuur, en teruggedryf in die—die—die waterlelies en goed in.

33 En ek het daar gestaan en visvang, oor die rand van die boot soos *daardie*, meteens het Iets afgekom deur daardie bome, rondgebrul, hulle het Dit gehoor, maar hulle het Dit nie gesien nie. Dit was daardie Lig wat daar rondgedraai, gesê het: "Staan op, praat met daardie vissie, en hy sal sy lewe terugkry."

34 Ek het die broers se aandag daarop gevestig. Ek het gesê: "Vissie, in die Naam van Jesus Christus, gee ek vir jou jou lewe." Daardie vissie het omgedraai, reguit deur die rivier uitgeswem so vinnig as wat dit kon gaan, soos *dit*, en . . . Dit lyk fabelagtig, maar *hier* is God se Woord, en God is my Regter.

35 En—en so het Broer Lyle net omgeval, in die boot, hy het gesê: "Dit was vir my bedoel, Broer Branham." Hy was net 'n tydjie gered en gevul met die Heilige Gees. En hy het gesê: "Dit was vir

my." Gesê: "Dis al wat dit is," gesê: "omdat ek vir daardie vissie gesê het: 'Jy het jou laaste asem uitgeblaas.'"

Ek het gesê: "Nee, Dit was net Sy Teenwoordigheid."

Broer Banks, daaragter, het opgestaan, gesê: "'Dis goed om hier te wees. Laat ons drie tabernakels bou.'"

36 O, en die dag daarna, net presies wat vir Oupa Wood vertel is, dit het net presies gebeur, dieselfde manier, dieselfde vis, net presies dieselfde getal, die volgende dag toe ons vertrek het, het ek gesê: "Wat dink jy, Mnr. Wood?"

Hy het gesê: "Wel, dis baie goed as 'n man vis kan sien voor hy hulle vang."

37 So ek het gesê: "Wat daarvan?" Nou, het ek hom na Christus toe gelei, hom en sy vrou gedoop. Sy hele familie is nou gedoop in die Here, en gevul met die Heilige Gees, en lewe 'n oorwinningslewe. Dit is onuitspreeklike genade.

38 Broer Wood, is jy hier? Waar is jy Broer Wood, Suster Wood? Is julle in die gebou? Staan op, as julle is. Daar, ek kan hulle nie sien nie. Kan enigiemand wat omkyk, vir hulle sien? O, ja, reg agter aan die agterkant. Goed, Broer Wood, dis gaaf.

39 Wel, laat ons sien. Wel, ek gaan nie nog baie tyd het nie. Nog baie van my vriende, Broer Gene Norman, kosbare broer. Hoe ek graag 'n paar dinge wou vertel wat daar oorkant gebeur het! Hy het getrek en Tucson toe gegaan. Ek was nou die dag saam met hom op 'n jagtog. Wens ek kon Broer Fred kry, en hulle, te getuig van die dinge! Tog, hierdie . . . toe ons op daardie drie-dag jagtog was, het meer gebeur vir die Koninkryk van God as wat jy geskiedenis kon neem van die tyd van Martin Luther tot by hierdie tyd. Dis reg.

Broer Fred het gesê: "Wat 'n groot ding is dit!"

40 Broer Norman, is jy en Suster Norman in die gebou? Waar is jy? Ek—ek wens jy wil staan, as jy is. Daar is hy. Ja, meneer. Julle het daardie woord, *über alles*, gehoor? Die Hollander, julle weet. Julle . . . Hoeveel weet wat *über alles* beteken? "Bo alles, bo alles." Goed. Dis reg.

41 Wel, daar's . . . Bly om hier by julle mense te wees. God seën julle. Ek het net 'n paar minute gelede gehoor, terwyl ek buite met Billy gepraat het, alle onkoste is gedek. Dankie aan julle almal. Die Here seën julle. Ek het die bestuurder altyd gesê, Mnr. Borders hier, enige tyd, moet nooit die mense druk nie, as die onkostes nie gedek is nie, sal ek my eie kerk by die huis laat weet of iewers, sal ons dit kry. Sien? En ons wil nooit druk, stoot, of enigiets nie.

42 Dan sê Billy my dat hulle 'n offerhande vir my opgeneem het. Dankie, God seën julle. Ek het nie gekom vir daardie doel nie, vriende, ek het hiernatoe gekom om julle te probeer help. Maar julle wat julle lewenskoste met my deel, sal ek alles doen wat ek

kan, deur die genade van God, om toe te sien dat dit gaan vir die Koninkryk van God, op elke manier wat ek kan. Ek vertrou dat God vir julle 'n huis aan die ander Kant sal bou, onsterflik, wat nooit sal vervaag nie, nooit, nooit herstel hoef te word nie.

43 Tot ons daar ontmoet aan daardie Kant, onthou, ek's altyd julle broer, wat alles probeer doen vir julle wat ek kan. Skryf vir my, as ek vir julle 'n gebedslappie kan stuur, iets waaroor ek gebid het, sal ek bly wees om dit te doen.

44 Nou, wanneer dit kom by vrae vra, is dit die beste dat julle vir julle pastore vra, ek los dit altyd so, want, julle weet, dis die beste om vir die pastore te vra. Maar as ek julle op enige manier kan help om vir julle te bid, of enigiets vir julle te doen, skryf vir my. Ek probeer nie julle adres kry nie, want ek's. . . Ek probeer iemand kry, om my te help briewe antwoord.

45 Ek het nie enige programme om te ondersteun nie, hoegenaamd niks nie. Daardie boeke daaragter, hulle behoort nie aan my nie, Mnr. Wood het daardie boeke self gekoop by Broer Gordon Lindsay, en baie van die plekke, en hy bring hulle net saam vir die mense, net vir die mense. Ons kry nie een sent daaruit nie, ons neem niks nie.

46 Broer Fred Sothmann se skoonseun verkoop die bandopnames. Hy het hulle so laag dat hy hulle *net-net* kan maak, dis al. En so hulle het bandopnames, of enigiets as ons julle kan help, is ons hier om dit te doen, enigiets wat ons kan doen. God seën julle.

47 En ek vra julle gebede vir my, waar ek ook al gaan. En as ek julle nooit weer ontmoet nie . . . Nou, ek weet as ek oor 'n jaar van nou af terugkom, daar sommige is, as ek vir nog 'n jaar lewe, en Jesus vertoef, daar sommige hier is vanmiddag wat nie dan daar sal wees nie, julle sal heengaan, hierdie die laaste keer is wat ons ontmoet. Maar as ek julle aan die ander Kant ontmoet, waar ons almal opstaan in hierdie geslag, sal ek steeds dieselfde storie hê, deur die genade van God. Dis reg.

Genade onbeskryflik groot! hoe soet die klank,
Wat 'n ellendeling soos ek gered het!
Ek was eenmaal verlore, en nou's ek gevind,
Ek was blind, maar nou sien ek.

48 God julle liefhê, en julle seën. En onthou, wanneer die winde sterk waai, die nagte donker en stormagtig is, en toordokters aan elke kant, en jou uitdaag daaroor, sal ek onthou dat ek mense het hierbo aan die Weskus, wat vir my bid.

49 Dis vanmiddag te warm vir my om te preek waaroor ek sou preek, so Billy het daarbuite vir my gesê, gesê: "Pappa, dit sal beter wees vir jou," gesê: "jy het belowe om al daardie gebedskaartjies te kry," gesê: "dit sal beter wees vir jou as jy net daar ingestap het, en—en—en die mense bedank het, en—en

uitgestap het." Maar ek sou soos 'n verraaier van Christus gevoel het, as ek nie 'n Skrif gelees het, en iets sê, wat reg is nie.

50 En ons gaan vir die—vir die siekes ook bid, elke gebedskaartjie. Nou, ek vra net of julle, net so eerbiedig as moontlik sal wees, en ek sal opskud. Dis 'n vreemde ding dat hierdie diens gebeur het, hoe dit gebeur het, maar die Here het dit laat gebeur.

51 Nou, voor ons die Woord nader, kom ons nader die Outeur van die Woord, die Here Jesus, deur middel van gebed.

52 Ons genadige Vader, ons dank U vir U goedheid en U genade. U is God, van ewigheid tot ewigheid, is U God. En, Here, hierdie diensie hieronder met hierdie gawe mense, U diensknegte, hierdie gawe mense daarbuite wat afgegaan het in hulle sakke om—om hierdie diens te borg, en hulle lewensmiddele uitgegee het, ek bid, God, dat dit, soos brood op die water, sal terugkeer.

53 Ek bid vir hierdie predikers, hulle kerke, hulle mense, God, mag hulle kerkies groei tot dit uitbrei, en mag daar, uit hulle kerke uit, magtige evangeliste en sendelinge, na die hele wêreld gaan. Laat ons werk, Here, want ons weet ons het nie meer veel tyd om te werk nie, ons sien die tyd naderkom.

54 Spoedig kyk ons uit vir die Engel wat sy voet op die land en op die see sal sit, en sy hand sal opsteek en sweer by Hom wat vir ewig en ewig lewe, dat daar nie meer tyd sal wees nie. Hy het gesê dat die verborgenheid van God op daardie tyd voltooi sou wees.

55 Ons verstaan nou, Vader, dat God se drievoudige verborgenheid bekendgemaak is aan ons. En ons verstaan, en ons soek nou na daardie geheimsinnige Donderslae wat uit die Hemel gekom het, in die Boek van Openbaring, wat agterop die Boek verseël was.

56 Openbaar aan ons, O Here, die dinge wat ons nodig het vir die stryd wat vir ons voorlê. Vergewe ons sondes, ons—ons vele agterlosige dinge, ons ongeregtigheid. Ons bid, God, dat, vanmiddag, dat U die oormatige, oorvloedige sal doen, bo alles wat ons kan doen of dink.

57 Nou, Vader, ons is nie hier om gesien te word nie, hierdie mense is nie hier om gesien te word nie. Dis warm, hulle sit met hulle baadjies uit, die mans, die kosbare susters wat daar sit en waai, hulle is hier omdat hulle honger is, hulle lief is vir U.

58 En, Here, ek is hier met 'n gerasperde keel van hierdie rookmis. En ek—ek—ek's hier, omdat ek glo dat U verordineer het dat ons vanmiddag hier moet wees. En my hart is wyd oop, hulle s'n is wyd oop, so kom in, Here Jesus, en spreek die dinge vir ons wat U wil hê ons moet weet. Want ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

59 Ek wil die teksie aankondig wat ek graag wil gebruik, ek wil dit *Super Teken* noem. En ek het my teks aangekondig voor ek nog my Skrif gelees het, en dis 'n bietjie ongewoon. Gewoonlik lees jy jou Skrif, en dan kry jy jou teks, maar julle weet, partymaal doen God dinge op ongewone maniere, ongewone tye.

60 In Jesaja, die 7de hoofstuk en die 14de vers, wil ek graag 'n Skrifgedeelte lees, hierdie een vers, om 'n konteks te maak waaruit ek hierdie teks geneem het.

> *Daarom sal die Here self aan julle 'n teken gee; Kyk, 'n maagd sal swanger word, en 'n seun baar, en hom Immánuel noem.*

61 Ons lewe in 'n dag van *super*. As dit nie super is nie, word dit nie aanvaar nie. Alles moet *super* wees, dis 'n super dag. Jy gaan in 'n winkel in, die klein kruidenier op die hoek het toegemaak, hulle moet na die supermark toe gaan. Kry 'n paar posseëls en betaal baie meer vir hulle, tien sent een, want dis 'n supermark, hulle kan nie vir jou daardie posseëls gee nie, jy weet. Maar dis—dis 'n supermark, dit het lugversorging, daarin stap, betaal jy daarvoor.

62 Dan is daar die supermotors. Ons moet in die pad afry, daar . . . Was altyd so, dat hulle kon ry . . . Toe ek die eerste keer na die Weskus toe gekom het, was ek sestien dae in 'n Model T, maar ek het hier gekom. Nou, is dit omtrent vier dae in 'n Ford. Maar natuurlik, my eerste Ford, en die paaie wat ek gehad het, kon ek net dertig my per uur haal, en dit was vyftien myl in *hierdie* rigting, en vyftien myl in *hierdie* rigting. Maar ons het nou super hoofweë, super motors, super hoofweë.

63 En ons, wat probeer dink, soos die wêreld, dat hulle super mense het, supermanne. Het dit op die radio en televisies, *Superman*. Hulle wil superras hê. Hitler het gesê die Duitsers was superras, Stalin het gedink Rusland was 'n superras, Khrushchev het dieselfde ding gedink. Engeland het gesê: "Solank daar 'n wêreld is, sal daar 'n Engeland wees," superras. Amerika dink hulle is die superras: "Ons het die intelligensie en alles, dis al wat ons nodig het, so ons is die superras."

64 Superras, superpaaie, super alles, super. Dit moet groot wees, groter as die gewone. Een man moet wees . . . hy moet 'n superhuis hê. Hulle verander in elke jaar, 1962 model huise sal niks werd wees in 1963 nie. Jou yskas moet 'n bietjie super wees, dit moet 'n bietjie beter wees. *Versier* dit net 'n bietjie, en laat jou die nuwe een inruil, en betaal 'n paar, driehonderd dollar meer en kry vir jou 'n ander een. Dis hoe dit is. Dis alles super. Dis net 'n groot geld-maak-skema. Ek dink ons sal beter vaar met 'n perdekar. Dis reg.

65 'n Punt bereik waar, soos ek nou die dag gepreek het, dis 'n ontploffingstyd, alles ontplof. Mense ontplof, kry te veel druk opgebou. Waarom raak julle nie stadiger en lewe nie? Huh? Dis

reg. Waarvoor is julle so haastig? Ons moet superdienste hê in ons kerk, vyftien minute. Nou, dis die moderne mode, omtrent vyftien minute, indien nie, neem die diakenraad jou agtertoe en wil weet wat makeer.

66 So dis, alles is super. Dit is alles tekens wat wys op 'n duisternis wat aan die kom is, dis reg, wat kom na 'n onbekende eeu. Ons gaan in 'n mistieke, onbekende eeu in, waar super gaan uitbreek in die mistieke. Hulle weet nie waarheen hulle gaan nie.

67 Man sal in die pad afry teen negentig myl per uur, die kans vat om sy nek te breek, en iemand anders se familie wat doodgemaak kan word, by 'n bierkroeg stop, twee ure lank drink voor hy huis toe gaan. Wat makeer hom? Dit moet alles vinnig wees te veel van 'n haas, sou beter wees as ons net ons tyd geneem het.

68 Nou, die mens het altyd in homself probeer om iets te doen om 'n gedenkteken vir homself te maak. Ons het pas so-iets soos daardie gehad wat gebeur het, soos ons almal weet. Maar dis net die idee dat die mens iets wil doen vir sy eie prestasie, hy sal nie dinge los net soos dit is nie, hy moet iets daaraan doen.

69 In ons streek moes hulle al die woude afkap, en dit laat die storms deurkom en alles omwaai. En nou, het hulle die rivier opgedam, dit laat die vloed oorgaan en die stede wegspoel. Nou, het hulle soveel superbomme en dinge dat daar "Uitval," "Gevaar" tekens oral is. Rusland het dit daar oorkant losgelaat, paar jaar nou en die see gaan kook, en—en ons sal almal doodgaan van uitval, sê hulle.

70 Wat makeer die mens in elk geval? Probeer om self iets te bereik. Dis sy . . . Hoekom? Hy is so gemaak, maar, iets in hom het dit gemaak, maar hy neem dit nie in die regte rigting nie, hy probeer dit neem met sy eie prestasie.

71 Adam, self, het probeer om 'n supergodsdiens te maak sonder 'n sondoffer. Adam wou 'n godsdiens maak waar hy net op enige manier kon lewe wat jy wil, 'n klein vyeblaar-voorskootjie aantrek, en dis al wat dit verg. Sien?

72 Kain het dieselfde ding probeer, in plaas van om bloed te bring, die sondoffer, het hy appels, pere, of wat die vrugte van die land was, om self iets te probeer maak, om iets te probeer bereik.

73 Nimrod het 'n supertoring probeer bou, groter as al die ander torings in die wêreld, sodat hy kon opgaan of, as God kwaad was vir hom, hy net in die toring kon opgaan en die vloede onder hom sou deurgaan, supertoring.

74 Nebukadnessar het 'n superstad gebou, dit het hangtuine gehad, en dit was 'n wonderlike plek, dit was 'n patroon van die Hemel. Reg voor die troon het die Eufraatrivier verbygevloei, en hulle het uitgevind dat dit is hoe die Troon van God, die rivier van die Lewe by die Troon van God, is.

75 Probeer om iets te bereik, probeer om dit groot te maak, groot sodat hy kon: "Sien—sien wat ek gedoen het!" Super, dis net in die mens.

76 Ons eie nasie, jaloers op Engeland, het nie lank gelde nie, 'n superskip gebou, gesê dit kan nie gesink word nie, maar sy het gesink, die Titanic, 'n superskip. Hulle het gesê: "Dit kan nie gesink word nie." Maar sy het in elk geval ondergegaan. En die digter het die lied geskryf: "God wys, met 'n magtige hand, vir hierdie wêreld dit kan nie staan nie." Dis reg.

77 Frankryk het 'n super Siegfriedlinie gebou, hulle het gedink: "Ons sal hierdie lyn bou, daaragter kan ons vroue, geld, en wyn hê, en wat ons ook al wil. En as Duitsland ooit agter ons aankom, is die enigste ding wat ons sal doen, ons sal hierdie kanonne op hulle rig en hulle terugjaag," die Siegfriedlinie. Maar wat het gebeur? Hulle het iets vergeet. Duitsland het agter dit om marsjeer, hulle kon nie die kanonne draai nie, hulle het dit ingeneem.

78 Duitsland het vir hulle 'n Maginotlinie gebou, 'n groot Magionotlinie, hulleself daaronder verskans, maar daar het die Amerikaners gekom, met 'n betonbreker, en dit opgeblaas. Sien, self iets probeer bereik.

79 Die kerk het 'n superdenominasie probeer bereik. Dis reg. Ons is onlangs in die koerante gevra, julle sou dit opgelet het: "Waarom al die kerke nie verenig in een en terugkom na die moederkerk, waar dit begin het, in Rome nie?" Ek wil hê een geleerde, ek wil hê een historikus, en ons het een van die beste wat net hier sit, ek wil hê een geleerde, een prediker, een historikus moet my wys waar die Kerk ooit in Rome begin het. Die Kerk het in Jerusalem begin op die Dag van Pinkster. Dis reg.

80 Ek's, sal die pous glo, as hy dit wil terugneem *Soontoe*, ek sal *Daarnatoe* teruggaan saam met hom, dis reg, maar nie na Rome nie. Ek sal dit erken: Rome is die moederplek van alle georganiseerde godsdiens, en die Bybel het gesê in die 17de hoofstuk dat sy was, en dat sy dogters ná haar gehad het.

81 Maar elkeen probeer 'n superdenominasie bou. Dis te jammer dit kom ook in ons s'n in. Om lidmate te kry, maak ons bekeerlinge, en trek, en doen alles om lidmate te kry, om 'n superdenominasie te probeer maak, en dan, wanneer hulle 'n groot denominasie kry, probeer hulle dit super maak deur die burgemeester van die stad, en die regter, te kry, en die beter-gekledes, en die beter-geleerdes. Jy kry net 'n intellektuele klomp koue, formele niks. Dis reg.

82 Herinner my net, dit het pas lentetyd geword en ek hou die voëls dop wat hulle neste bou. En ek dink 'n ou ma-voël, sy kan haar nes bou, en daarop sit, haar eiers lê, maar as daardie ou ma-voël nie by die mannetjievoël was nie, sal hulle nooit uitbroei nie.

Daardie eiers, maak nie saak hoe goed sy hulle behandel, hoe getrou sy is, hulle bedek met haar vlerke, hulle omdraai, alles doen wat sy kan, en daar sit tot sy verhonger nie, daardie eiers sal nooit uitbroei as sy nie by die mannetjievoël was nie, want hulle is nie vrugbaar nie.

83 Dis hoe dit is met ons georganiseerde godsdiens. Solank ons daardie sondaars inneem net as lidmate van ons kerk, kan jy hulle vertroetel en diakens van hulle maak, en hulle wat vier of vyf keer getroud is, en rook, en drink, en dobbel, en kul, en lieg, en maak hulle diakens in die kerk, jy kan oor hulle waak, en enigiets doen wat jy wil, totdat hulle in kontak kom met die Maat, Christus Jesus, is hulle 'n klomp vrot eiers, die hele ding moet uit die nes uitgegooi word, hulle sal nooit uitbroei nie. Die beste ding om te doen, is om die nes skoon te maak, weer van voor af te begin.

84 Kom uit by die Maat, Christus Jesus, dan sal daar nie soveel verskille wees, superdenominasies, grootste: "Ons behoort aan die *So-en-so*, *hierdie* denominasie. Ons is die grootste onder hulle. Ons behoort aan *hierdie*," nie.

85 Nou, hulle vra julle om dit te verenig, dit alles in een in te bring; dit sal, dit sal dit doen. Dis wat die mense wil hê, iets super, almal wat sê: "Wel, ek behoort aan die *sekere—sekere* kerk, dis die grootste een in die wêreld, grootste denominasie." Sekerlik. Hulle hou daarvan, want dis super.

86 Al hierdie goed het misluk, die Titanic het gesink, die Maginotlinie het ontplof, Nimrod se toring het verkrummel, Babilon het geval, en die denominasies het gesterf, hulle is geskiedenis, stof. Halleluja!

87 Hulle wou nog altyd 'n teken hê. God het gesê: "Ek sal vir hulle een gee." Broer, die—die gevurkte weerlig in die swart lug in die nag, wys dat daar lig kan wees in die tyd van duisternis. God het gesê: "Ek sal vir hulle 'n teken gee, nie 'n blink-gevryfde toring nie, nie 'n kerktoring nie, Ek sal vir hulle 'n teken gee, en dit sal 'n ewigdurende teken wees, 'n Ewige teken, een waaraan jy nie hoef te bly aanbou nie. Dit sal 'n ewigdurende, 'n superteken wees, 'n maagd sal swanger word." O, goeiste!

88 Al hulle groot blink-gevryfde torings, en skole, en—en linies, en skepe, en al die res, maar God het gesê: "Ek gaan vir hulle 'n teken gee, en dit gaan 'n superteken wees, 'n Ewige teken, 'n ewigdurende teken, 'n maagd sal swanger word." Amen.

89 Wat is dit? Bonatuurlik. Dis 'n superteken, nie 'n blink-gevryfde affêre nie, maar 'n superteken, God gemanifesteer in die vlees, klein Jehova'tjie wat gebore is in 'n krip bo-oor 'n mishoop, klein Jehova'tjie wat huil soos 'n baba, klein Jehova'tjie wat in die strate speel, maar dis 'n superteken. Amen. Al word daar daaroor gepraat, tog is dit God se superteken, 'n Ewige teken.

90 Hy het nie gekom met die saluut uit die Hemel nie: God het die gange laat afsak, en af met die relings het Engeleskare gekom na die agterplaas van Kajafas, en hulle het almal orkeste gespeel, en die Engele het op die aarde rondgedans; Hy het gekom by wyse van 'n skuur, 'n stal, maar dit was 'n teken.

91 Nie almal het dit gesien nie, maar hulle wat verordineer was om dit te sien, het dit gesien, God wys Sy supertekens aan hulle wat gebore is om dit te sien. Hulle het dit nie gesien nie, duisende wat in die dae van Jesus gelewe het, het nooit van Hom gehoor nie, tiene van duisende, miljoene, wat nooit enigiets van Hom af geweet het nie.

92 Hy het nie gekom as 'n Engel toe Hy afgekom het uit die Hemel nie. Hy kon as 'n Engel gekom het, Hy het van die Hemel af gekom, Hy kon as 'n Engel gekom het, Hy kon as 'n gérub gekom het, maar in plaas daarvan, het Hy gekom as 'n saad van Abraham, 'n Man, God wat Homself Mens gemaak het, sodat Hy kon sterf. Hy kon nie sterf in die Gees nie, Hy moes vlees word voor Hy kon sterf; maar dit was 'n superteken, 'n groot teken.

93 Hy het gekom om die Saad van Abraham te wees, dat Hy 'n superras kon wys. Nou, Abraham het 'n saad gehad, natuurlike saad, dan het hy 'n Supersaad gehad. God is ook vol supers, onthou. En Abraham het 'n Supersaad gehad, En Jesus het gekom sodat Hy die Supersaad van Abraham se ras kon verlos, God sou dit beslis doen, ras met tekens van 'n bonatuurlike Christus.

94 Na tweeduisend jaar van harde probeerslae, met al hulle betonbrekers, en ysbrekers, en alles, hulle . . . hulle gevriesde tye, en hulle denominasies was nog nooit in staat om uit te vries, uit te stoot, of God se Superteken te vernietig nie, Hy is vandag lewendig na tweeduisend jaar, Hy is God se Superteken.

95 Jy mag dalk 'n toring afbreek, jy mag 'n stad sink, jy mag 'n skip sink, maar jy kan nie God se Ewige Superteken sink nie, dis 'n ewigdurende teken. Christus se opstanding kan nie vernietig word nie, daardie groot superteken wat God ons gegee het.

96 Ons let op in die Ou Testament, Abraham se saad, volgens Genesis 22:16 en 17, Abraham se saad moes die poorte van hulle vyand in besit neem. God het dit belowe op die berg toe Abraham Sy Naam Jehova-Jireh genoem het: "Die Here sal vir Homself 'n offer voorsien." God sal dit gee.

97 Ek wil vir julle iets vra. Waar het daardie lam vandaan gekom? Abraham was drie dagreise, enige gewone man kan loop, o, vyf-en-twintig myl per dag, hy was drie dagreise ver van die beskawing af, dan bo-op 'n berg waar wilde diere, geen water, niks om te eet, en heel bo-op die berg, en geoffer, het begin om sy eie seun te offer in opdrag van God, en toe hy die seun se lewe begin neem het, het daar 'n ram agter hom geblêr. Waar het daardie ram vandaan gekom?

98 Nou, dit was nie 'n visioen nie, hy het dit doodgemaak, daar het bloed daaruit geloop. Dit was nie 'n visioen nie, dit was 'n ram. En Abraham het Hom, *Jehova-Jireh* genoem: "Die Here kan vir Homself 'n offer voorsien." 'n Superteken, bonatuurlik. En al Abraham se natuurlike saad deur Isak, het elke poort van die vyand waarby hulle gekom het, in besit geneem. Dis presies reg.

99 Ek het 'n ry van hulle hier neergeskryf, sal ons heel middag neem om deur te kom. Wat van as ons eerste praat, net vir 'n oomblik, van die Hebreeuse kinders, toe hulle in die vuuroond ingegaan het? Nou, hulle het nie enige versekering gehad nie, net dat hulle Abraham se saad was. God het hulle niks vertel nie, en God het hulle nooit vertel: "Nou, gaan julle soontoe, en gaan in die vuur in, en Ek sal met julle wees," nie. Maar hulle was Abraham se saad, en hulle het geweet hulle het die regte, en hulle het gesê: "Ons gaan nie God se Woord terugtrek nie. God het vir ons gesê om nie voor afgode te buig nie, en Hy is in staat om ons te verlos, as Hy nie, gaan ons nie voor jou afgod buig nie." En hulle het die poort van Babilon se vuuroond in besit geneem, die poort van vuur, hulle het.

100 Daniël het die vyand van die leeu in besit geneem, die poort. Moses het die Skelfsee in besit geneem, en die vyand in Egipte in besit geneem. Hoekom? Want Hy was Abraham se saad.

101 Samgar, 'n klein kêreltjie, een van die rigters van Israel, net een vers van hom geskryf in die Bybel. Eendag het hy by sy skuur se deur gestaan. En die Filistyne sou inkom en al hulle kos opeet, hulle sou heel somer hard werk en dan hulle goed in die skuur inneem, en dan het die Filistyne gekom en dit weggeneem van hulle.

102 Eendag het hy miskien al sy kos bymekaar gemaak, na sy vroutjie gekyk wat daar staan, en sy was maer, en klein bleekgesig kindertjies, gekyk na die arme outjies, hoe hulle in 'n bloedarmoedige toestand was van wanvoeding of iets, en gesien hoe hulle na hom kyk, en hy het gesê: "Wel, miskien kan ons hierdie winter iets hê om te eet. Miskien kan ek 'n bietjie koring verkoop, en vir jou 'n rok vir die dogtertjie kry, 'n paar skoene vir die seuntjie."

103 Hier het hy iets in die pad af hoor kom, hier het 'n duisend Filistyne gekom, bewapen, spiese, swaarde wat aan hulle sy hang, opgeleide manne, *stamp*, *stamp*, het hulle reg in die pad afgekom. Klein Samgar het daar gestaan, wat kon hy doen? Hy was 'n boer, hy was nie 'n soldaat nie, en hy het niks gehad om mee te veg nie, hy het gekyk, in die hoek, en daar was 'n os-aandrywer-stok. En julle weet wat dit is, en enige van julle Kentuckiërs behoort te weet. Wanneer jy ploeg, 'n stok waarmee jy die os aanjaag. So hy . . . Daar het die os-aandrywer-stok daar in die hoek gestaan, en hy het soontoe gekyk, daarna. Dit het waarskynlik 'n klein stukkie geelkoper aan die punt daarvan

gehad, waar dit die grond van die ploeg afgekap het, en die os geslaan het soos hulle geloop het. En daar het dit in die hoek gestaan, hy het gestaan en kyk, in die pad aangekom.

104 Hy het nie tyd gehad om te gaan leer hoe om te veg nie, julle weet, en hoe om sy—sy os-aandrywer-stok of 'n swaard te gebruik nie. Maar hy het een ding onthou, glo ek, dat hy 'n besnede Israeliet was, hy was die saad van Abraham, hy het 'n reg gehad tot die belofte dat hy die poort van enige vyand in besit kon neem. Amen. Beide kante, Hy het vir Rebekah dieselfde ding gesê, en vir Abraham dieselfde ding.

105 Daar was hy, die saad van daardie paartjie, en hy het 'n reg daartoe gehad, want hy was besny, hy was 'n—hy was 'n Israeliet, hy was 'n saad van Abraham, hy het 'n belofte van God gehad dat hy enige poort van enige vyand in besit kon neem. Halleluja! Die Gees van God het op hom gekom, en hy het die os-aandrywer-stok geneem en daardie duisend Filistyne verslaan. Ja. Hoekom? Want hy het 'n superkrag gehad.

106 Simson het 'n superkrag gehad, omdat die Supergees op hom gekom het, dis hoekom die kakebeen, waarvan ons gisteraand gepraat het, nie gebreek het nie, dit was 'n super. Dis presies reg. Al daardie was natuurlike saad van Abraham.

107 Maar daar het 'n Koninklike Saad van Abraham gekom. Nou, Abraham het vir Isak ontvang soos een uit die dood, deur sy vrou, deur die seksuele. Nou, dit was een so goed soos dood, dit was die natuurlike saad, maar dit het gewys na 'n Supersaad wat sou kom, die Een wat nie eers 'n aardse vader sou hê nie, en Hy het ook nie 'n aardse moeder gehad nie.

108 Dit het iemand getref. Goed, Katolieke vriend, as jy haar die "Moeder van God" noem, wil ek hê jy moet my een Skrif wys waar sy enige moeder van God was. Hoe kan God 'n moeder hê? Wie was die vader dan? Maria was niks behalwe 'n broeikas nie, dis al. Jesus het haar nie een keer "moeder" genoem nie, Hy het haar "vrou" genoem, want hy was God, en Hy kon haar nie "moeder" noem nie. Reg. Hierdie leerstellinge en tradisies het—het die mense doodgemaak, het haar "vrou" genoem.

109 Eendag het hulle gesê: "U moeder wag vir u." Opgekyk na Sy dissipels, gesê: "Wie is My moeder? Hulle wat die wil van My Vader doen." Sy was net 'n vrou wat God gebruik het, glad geen "Moeder van God" nie, genade, nee, dis ontheiligend om selfs aan net aan so-iets te dink.

110 Nou, hierdie Supersaad het gekom. Party van hulle het gesê: "Wel, nou, wag 'n bietjie, die kiem, natuurlik, kom van die manlike geslag, dit was God-geskape, maar die—die eier in die vrou was Sy liggaam." Was dit? Dink julle dit, dat dit die vrou sou wees? As dit was, kyk wat laat julle vir Jehova doen. Daardie eier kan nie daar wees sonder 'n sensasie nie, daar moes iets gebeur het, en kyk waar sou julle vir Jehova sit, betrokke in seks. God

het die hele Wese van Christus geskep in die skoot van Maria, en sy was net 'n vrou, 'n broeikas, wat hierdie Seun gebaar het, was niks van haar nie. Nou, sy was net 'n vrou wat God gebruik het.

111 Nou, die Koninklike Saad het gekom, en die Koninklike Saad moes vir ons almal sterf. Nou, elkeen van hierdie sade van Abraham, in die natuurlike, het elkeen van hulle poorte in besit geneem. Hoe ons daardeur kon afgaan en hulle opnoem by die dosyne hier, van hoeveel poorte, die vyand van . . . hulle die vyande van die poorte in besit geneem het! Maar uiteindelik moes al daardie groot krygers sterf, maar toe het die Koninklike Saad gekom. Amen.

112 Toe Hy hier op aarde was het Hy die poort van siekte in besit geneem, dit ingeneem. Hy het die poort van elke vyand voor Hom in besit geneem en dit ingeneem, en Hy het gesterf, ja, en Hy het weer opgestaan. En Hy het die sleutels van die Koninkryk van God in besit geneem, van die—die . . . hel, dood, en die graf, Hy het alles ingeneem. Hy was die Supersaad, die Superbelofte. Onthou, dis 'n ewigdurende teken, hy het opgestaan uit die dood, Hy is nie dood nie.

113 Mexiko, 'n paar aande gelede hier, het ek van die vroutjie vertel wat, die Katolieke vroutjie wat gehad het, haar babatjie opgewek was uit die dood. Die koerante het die volgende dag 'n onderhoud met my gehad, en hulle het gesê: "Mnr. Branham, jy is nie 'n . . . jy is net nie 'n Katoliek nie, is jy?"

Ek het gesê: "Nee, meneer, ek is 'n Protestant."

Hy het gesê: "Jy protesteer nie teen die kerk nie!"

114 Ek het gesê: "Ek doen, nie die mense nie, die kerk, die stelsel. Ek het nog nooit . . . God het gesterf vir die mense, dit is waar, maar ek nie—ek veroordeel nie die mense nie, dis die stelsel wat oor hulle regeer, dís die stelsel wat ek veroordeel."

Hy het gesê: "Dan is jy nie net nie Katoliek nie, jy is 'n Protestant."

Ek het gesê: "Ja."

"Aan watter denominasie behoort jy?"

Ek het gesê: "Ek sou net so sleg daaraan toe gewees het as wat hulle ooit was, geen." Ek het gesê: "Ek was gebore in die Koninkryk van God." Reg.

So toe het hy gesê: "Wat is jou . . . ? Glo jy dat ons heiliges ook die dooies kan opwek?"

115 Ek het gesê: "Ek . . . " My, onthou my agtergrond, ek's 'n Ier, my agtergrond was Katoliek, en ek het gesê: "Ek weet jy kan nie 'n heilige wees voor jy dood is nie," wat hulle gesê het.

En hy het gesê: "Wel, jy kan nie 'n heilige wees voor jy dood is nie."

116 Ek het gesê: "Dan was Paulus nie 'n heilige toe hy gepreek het nie? Petrus, Jakobus, Johannes, die res van hulle was nie heiliges tot hulle gesterf het, heilig verklaar is deur 'n Roomse kerk nie? Hmm! Moenie dit vir my sê nie."

Hy het gesê: "Wat is jou opinie van die Katolieke kerk?"

Ek het gesê: "Ek is jammer dat jy dit vir my gevra het." En hy het gesê . . . Ek het gesê: "Móét ek jou antwoord?"

Hy het gesê: "Ek sou graag na jou wou luister."

Ek het gesê: "Geen disrespek teenoor jou nie, maar ek dink dis die hoogste vorm van spiritualisme wat daar is."

En hy het gesê: "Hoe kom jy daarby?"

Ek het gesê: "Enigiets wat intree met die dooies, is spiritualisme."

"Wel," het hy gesê: "hoe kom jy daarby?"

Ek het gesê: "Al hierdie gode en godinne en alles tot wie julle bid, hulle is dood."

En hy het gesê: "Wel, Mnr. Branham," hy het gesê: "jy aanbid Christus, en Hy het gesterf!"

117 Ek het gesê: "Maar Hy het weer opgestaan op die derde dag, en Hy is nou lewendig." Hy lewe vir ewig. Hy is 'n superteken. Hoekom is Hy? Jy kan Hom nie doodmaak nie, jy kan Hom nie in die dood sit nie. Hy het opgestaan en lewe vir ewig, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

118 God het vir ons 'n superteken gegee, 'n teken vir die Woord in die laaste dae dat Hy steeds lewendig is. Hy is 'n . . . Hy is lewendig (Wat?), vandag om Homself te manifesteer aan Abraham se Supersaad. Amen.

119 Onthou, die Heidense kerk is 'n deel van Abraham se Supersaad, omdat Hulle dood is in Christus, en erfgename geword het van die verlossing deur Christus, en Christus is die Saad van Abraham. Ons het dieselfde geloof as wat Abraham gehad het. Wanneer God enigiets vir Abraham gesê het, kon geen denominasie, niks anders, dit uit hom uitslaan nie, hy het die dinge wat nie was nie, genoem asof hulle was. En enige Supersaad van Abraham glo dieselfde ding, dat God se Woord waar is, ongeag van wat anders plaasvind. Ek weet dit klink rof, maar dit is, dis die waarheid. Ja, meneer.

120 Isak was die natuurlike saad, beslis, Christus is die Supersaad. Die tweede Saad was Christus, en ons is gebore deur Christus, wat ons die Supersaad saam met Christus maak, vir God. Nou, ons is die Supersaad, nie 'n organisasie, nou, of 'n denominasie nie. Dis 'n Supersaad.

121 God wys altyd Sy tekens, supertekens, super dinge, vir die mense. En Hy—Hy het, regdeur die jare het Hy altyd Sy tekens gewys deur Sy profete. God het altyd profete Sy teken gemaak.

Ek wil hê julle moet nou julle gehoor aansit, want ek het nie langer as omtrent nog vyf minute nie. Let op, God wys Sy tekens, en elke keer wat 'n profeet op die toneel kom, is dit altyd 'n teken, gewoonlik 'n teken van aankomende oordeel, wanneer God 'n profeet oprig.

122 Toe God vir Noag opgerig het, was dit 'n teken dat daardie intellektuele tydperk aan sy einde gekom het. En Noag het die oordele van God wat sou kom, verkondig, en is verwerp, en uitgelag, en bespot, maar Noag het in die ark ingegaan, en God het hulle, wat vir hom gelag het, veroordeel. Noag was 'n teken van die aankomende oordeel, God se teken op die aarde.

123 Moses was 'n teken vir Egipte dat Egipte gedaan was, God het hulle in die Skelfsee laat verdrink, hulle, wat oor was—was van die plae. Jeremia was 'n teken vir Israel dat sy na Babilon toe sou gaan. Daniël was ook 'n teken.

124 Johannes die Doper was 'n teken, na vierhonderd jaar met geen profete nie, was Johannes die Doper 'n teken van die koms van die Messias. Johannes het Hom aangekondig, dat Hy sou kom. En toe, toe . . . wat het gebeur? Die Joodse ras was afgekap van die boom van verlossing. En Johannes was die aankondiging van die oordele wat aan die kom was.

125 God gebruik altyd profete vir Sy tekens, nou, moet dit nie vergeet nie, wanneer julle 'n profeet in die eeu sien kom. En ek glo dat daar vir ons een belowe is, en ek soek daarna. In Maléagi 4 het dit gesê . . .

126 Nou, ek weet julle gaan my herinner aan wat Jesus gesê het van: "As julle dit kan ontvang, hierdie is die Elía wat moes kom," daardie vergete saligspreking in Mattheüs 11:6. Toe daar dissipels van Johannes, nadat . . . Johannes, soos Elía, 'n man van die woude, het in die woude gelewe, 'n vrouehater soos Elía, Elía het daardie vroue veroordeel net so hard as wat hy kon vir die manier wat hulle gelewe het, en wat het Johannes gedoen? Dieselfde ding: "Dis nie wettig vir jou om haar te hê nie," daardie onsedelike vroue.

127 Die geaardheid van daardie profeet, hy was lief vir die woude, en het in die woude gebly, vreesloos daar uitgekom, hy was teen organisasies, hy het gesê: "Julle addergeslag, wie het julle gewaarsku om te vlug van die oordeel wat sal kom? Moenie julle dink: 'Ons het *hierdie* vir ons . . .' want God is in staat om, uit hierdie klippe, kinders van Abraham op te rig." Hy het niks teruggehou nie.

128 Jesus het gesê: "Wat het julle uitgegaan om te sien? 'n Riet wat deur enige wind geskud word? Nie Johannes nie, nee." Nou, toe hierdie dissipels weggegaan het, het Hy gesê: "Wat het julle uitgegaan om te sien?" Hy het gesê: "As julle dit kan ontvang, dit was hy waarvan gepraat is: 'Ek stuur My boodskapper voor My aangesig uit.'" Dis Maléagi 3, nie Maléagi 4 nie.

129 Want as dit, Johannes op daardie tyd, dan is die Skrifte nie vervul nie en was misleidend, want voor daardie groot Dag van die Here sou kom, sou Hy vir Elía stuur, en daardie groot Dag van die Here gaan die hele aarde verbrand, en die regverdiges sal, in die Millennium, uitstap op die as van die regverdiges, dit kon nie vir Johannes gewees het nie, dit kon nie die Elía gewees het nie.

130 Nou let op, sodat de Skrif streng deur Ditself verklaar word. Let op: "En hy sal," Sy eerste Koms: "die harte van die vaders terugbring na die kinders," die ou aartsvaders neem, en hulle geloof terugbring na hierdie nuwe kinders se geloof van Jesus wat is . . . voor Hom gekom: "Ek kom voor Jesus. Die Messias is oppad," wat hulle harte terugbring *hierna*, weg van die wet *hiervan*.

131 En in Sy tweede Koms, sal Hy die harte van die kinders weer terugbring na die oorspronklike Pinkstervaders, wat Joël se profesie laat vervul word, wat sê: "Ek sal al die jare herstel wat die afknyper, en voetganger, ensovoorts, weggevreet het."

132 In die tuin van Eden was daar twee bome, een vrou, en een Man. Almal wat deur daardie vrou lewe, sterf, sy's die boom van die dood. Omdat jy gebore is uit 'n vrou, sterf jy, wanneer jy gebore is uit 'n Man, Christus Jesus, lewe jy. Let op, toe is Adam se bruid onteer voordat hy by haar gekom het.

133 Toe Jesus gekom het, was Hy daardie Boom van die Lewe: "Ek is die Brood van die Lewe," die Boom van die Lewe, "wat kom van God uit die Hemel. As 'n mens Hiervan eet, sal hy nooit sterf nie."

134 Toe, toe Hy weggegaan het, het Hy 'n Bruidboom gekoop. En daardie Boom is gevestig, en in die wortels van die aarde gesit op die Dag van Pinkster. Haar Doktrine en alles het net daar aan die begin gebeur, alles wat sy nodig gehad het, was net daar aan haar gegee. Sy het gegroei, en sy het gegroei vir omtrent driehonderd jaar.

135 En toe het die treksprinkaan en afknyper aan Haar begin vreet, tot dit die lewe uit haar uitgesuig het, en Dit deur omtrent 'n duisend jaar van donkereeue gegaan het. Wat het daardie treksprinkaan gedoen? Wat het die afknyper? Dis dieselfde insek in 'n ander stadium. Wat het gebeur? Eers, was dit die Nikolaïete.

136 Beteken, *nikao* beteken "om die lekedom te onderwerp," al die Heilige Gees uit die lekedom te haal, en Dit in een man, 'n biskop, pous, of iets, te plaas. Die hooggeplaastes wil dit so hê, sodat hy die sondedraer vir hulle almal kan wees. Ons het een Sondedraer, dit is Christus, maar dis wat hulle wil hê. Nikolaïet, *nikao* beteken "om te onderwerp," *lekedom* is die Kerk. Neem al die Heilige Gees . . . Hulle is nie heilig nie, net een heilige man. Dis die idee om geld in die kerk in te kry met belydenisse.

Iemand het nou die dag gesê: "Glo jy in vagevuur?"

137 Ek het gesê: "Ja, meneer." Ek het gesê: "Nie die soort wat jy een of ander priester betaal om vir jou te bid nie. Ek glo God reinig nou ons siele, en ons gaan deur 'n louteringstyd, om die onsuiwerheid te reinig." Sekerlik.

138 Let op, nou, hulle het al die Heilige Gees uit die kerk uitgehaal, en 'n heilige man gemaak, die plegtigheid van die kerk op 'n heilige man, dit onderwerp. Dit het deurgegaan, want daardie groot denominasie van Katolisisme het die aarde vir honderde en honderde jare regeer.

139 Daar het 'n hervormer gekom, Luther. En sodra Luther gesterf het, het hulle dit georganiseer, en het die wynstok verdroog, en die Landbouer het dit gesnoei. Waarheen het dit gegaan? Dis dood. Wys vir my waar dit ooit opgestaan het na Luther se herlewing, dit het gesterf.

140 Toe, daarna, het John Wesley gekom, die volgende stadium van die boom, 'n groot man van God wat Regv-. . . Heiligmaking gepreek het. Wat het gebeur? Wat het gebeur? Sodra Wesley, en—en Asbury en hulle gesterf het, het hulle georganiseer en 'n kerk daarvan gemaak, en God, die Landbouer, het die takke afgesnoei en dit het gesterf; sê vir my waar hulle ooit nog 'n herlewing gehad het.

141 Toe het Pinkster gekom, met die herstel van die gawes. Wat het daarmee gebeur? Die Krag van God is weer uitgestort, die Heilige Gees. Wat het hulle gedoen? Dit weer saam georganiseer, begin om broederskap te skei. En wat het gebeur? God het dit net afgekap. Dis reg.

142 O, maar God het gesê: "Ek sal herstel, sê die Here." Daardie Saad, waar is die Lewe Daarvan? Reg in die middel van 'n boom loop die lewenslyn, nie hierdie takke wat aan *hierdie* kant toe afval nie, die lewe is reg in die middel van die boom. God het belowe dat, maak nie saak hoeveel die suiers Daarop gekom het, soos die afknypers wat opvreet en opsuig, en sulke goed nie, maar: "Ek sal herstel, sê die Here."

143 Wanneer daardie Boom terugkom tot 'n bopunt, net so seker as wat ek hier staan, wanneer die mense van God hulleself sal verenig, al is daar verskil van denominasie, en hulle sal kom na die Lewe van God, en daar sal 'n uitstorting van die Heilige Gees wees, wat weer die vrugte van die Gees sal terugbring in die Kerk, sal dit 'n superteken wees.

144 Nou, maak nie saak of jy Metodis is nie, dis in die haak, Baptis, Presbiteriaan, maak nie saak aan watter kerk jy behoort nie, dit het niks daarmee te doen nie, as jy, net daarop staatmaak, gaan jy sterf, jy gaan afgesnoei word as 'n dooie tak, soos die Boom boontoe gaan. Die vrugte gaan reg aan die bokant van die boom, onthou, dis waar die son dit tref.

145 Nou, nou, die ding daarvan is, wanneer ons eensgesind kan raak, eendragtig, een plek, een God, een verlossing, een Heilige Gees, een seëning, halleluja, dan gaan julle die superteken sien.

146 Wanneer mense ophou lol met hierdie voorskrif wat God geskryf het, wanneer mense ophou lol met die Bybel, en terugkom en die Woord glo, en Daarvolgens optree en daar bly, nie vir sensasies nie, maar tot die Woord Self verlewendig word, en Lewendig gemaak word, en hulle die regte Bybeltekens van die laaste dag, die superteken, dieselfde Messias sien, wat eenmaal gelewe het . . .

147 Daar sal 'n profeet kom een van hierdie dae, wat die oorspronklike Woord van God verkondig. Julle praat van my wat vir julle vertel van kortgesnyde hare of iets, wag tot julle hom kry, wag tot julle na hom luister. Julle dink ek is rof oor organisasie, wag tot hy eers kom, hy sal al die jare herstel wat die afknyper gevreet het.

148 Dit sal 'n Boodskap wees wat uitgaan . . . Party mense sê: "Wel, dis 'n organisasie," wys my een keer waar God ooit op enige manier gewerk het behalwe met een enkel persoon, Hy het nooit twee profete op dieselfde tyd gehad nie, altyd 'n individu.

149 Mans het verskillende idees, sit dit bymekaar, het jy 'n gemors. God het een man waarmee Hy werk. Daar was een Elía, toe Elisa, toe 'n Johannes, verder aan na Jesus, ensovoorts, verder aan, daar was 'n Luther, 'n Wesley, sovoorts, net verder aan.

150 Daar moet, in hierdie laaste dag, 'n herstel van die Kerk, daardie Bruidboom kom, wat destyds daar afgevreet is deur voetgangers en afknypers, en allerhande insekte wat al die broederliefde en vrugte Daarvan afgevreet het. Daar moet weer 'n Kerk kom waar daardie skanse verbreek is, en die Heilige Gees die toegang tot die mense het. Wanneer julle dit doen, sal julle dieselfde tekens en wonders sien wat destyds daar in daardie dae gebeur het. Amen.

151 Soek na die Superteken, nou, daardie Superteken was 'n maagdelik-gebore Kind wat vir ewig moes hou, 'n Ewige Teken. En daardie Kind is nie dood nie. Hy, hulle het Hom doodgemaak, Hy het gesterf, vir seker, die angel van die dood het Hom doodgemaak, maar God het Hom weer opgewek, en hier is Hy na tweeduisend jaar van al die beproewings, en treksprinkane, en afknypers wat Daaraan vreet. Daar is steeds 'n oorblyfsel van mense wat God glo en Sy Woord hou.

152 En daar sal 'n Bruid wees, net so seker as wat ek op hierdie preekstoel staan, daar sal 'n Bruid wees wat gewas is in die Bloed van daardie Lam. En daardie Lam sal onder hulle lewe, en supertekens van Sy opstandings wys, na tweeduisend jaar dieselfde ding wat Hy gedoen het toe Hy hier op aarde was. Ek glo dit. Amen.

153 Mense wil supertekens hê. Sê: "Wel, ek sê jou, ons het 'n superteken, ons het vyfduisend mense by ons organisasie gevoeg verlede jaar." Dis 'n groot teken, dit was egter nie God se superteken nie. Kommunisme het baie meer as dit bygevoeg.

154 Terloops, ek kan dit maar net sowel sê, dis op my hart, waarom is julle mense bang vir kommunisme? Bang kommunisme gaan die wêreld regeer? Julle mense ken nie die Bybel nie. Wys vir my een plek waar Dit gesê het kommunisme gaan die wêreld regeer. Die Bybel het gesê Rome gaan die wêreld regeer, nie kommunisme nie. O, kommunisme is net 'n marionet in God se hande, wat dit alles uitspeel om hulle almal saam te vervolg en Sy Woord te laat plaasvind. Dieselfde ding, het Hy gesê: "Vir wie kan ons kry om vir Agab te gaan mislei en hom soontoe te stuur, om Elía se profesie te laat gebeur?" Kommunisme gaan nie die wêreld regeer nie.

155 Julle sien, Daniël het daardie visioen gesien, elkeen van daardie koninkryke het die ander een opgevolg, verder aan, en dit het nooit in kommunisme ingegaan nie, dit het reguit uitgegaan met daardie krag van Rome in die voete. Reg. Roomsheid gaan die wêreld regeer, nie kommunisme nie, so moenie daaroor bekommerd wees nie, dit pla my glad nie.

156 Die ding wat my pla, is om my mense te kry, daardie kosbare heiliges van God daarbuite iewers, om op te kyk in *daardie* rigting, julle gedagtes van die dinge van die wêreld af te kry, die egte ondervinding te kry, daardie superteken in julle, dat julle oorgegaan het uit die dood in die Lewe, en al die dinge nuut geword het, geloof in God, groot tekens en wonders wat saam met hulle wandel, die Aandligte. Halleluja! "Dit sal Lig word teen die aandtyd." Dis reg.

157 'n Superteken: Die son sal self uitkom in die aandtyd, die s-o-n sal uitkom, en die S-e-u-n kom uit, kom uit in Sy verskyning in die aandtyd. Wat is dit? Om die Aand Boom se vrugte ryp te maak. Hy het gesê Hy sal daardie Boom herstel, wat afgekap is tot 'n Stomp deur die . . . allerhande geloofsbelydenisse, en leerstellinge, en alles, maar: "Ek sal herstel, sê die Here." "Ek gaan Dit herstel," en dit sal 'n superteken in daardie Boom wees, want God het geen ander teken nie. "Ek gaan vir hulle 'n ewigdurende teken gee."

158 Nou, watter soort werke het daardie teken gedoen toe Hy hier op aarde was? Kyk wat Hy gister gedoen het, dan moet Hy vandag dieselfde doen, want dis 'n ewigdurende teken. Al word daar sleg van gepraat, dis steeds God se teken. "Dit sal Lig wees teen die aandtyd." Ons is in daardie dag, vriende, ons is in die aandtyd, moet dit nie vergeet nie.

159 Satan het net die oë van mense verblind, hy het in die kerke ingekom en 'n gemors van hulle gemaak, kosbare, goddelike, mense. Gister het ek in 'n kafeteria gesit, of, in 'n—in 'n

goeie restourant, bo in Los Angeles, waarnatoe kosbare mense my geneem het, daar was sakemanne, daar was Episkopaliërs, ensovoorts, wat daar gesit het, gevul met die Heilige Gees. Wat is dit? Hulle het die Lig gesien. Sodra daardie Lig oor hulle geflits het, hulle was 'n Saad, hulle name is geplaas op die Boek van die Lewe van die Lam voor die grondlegging van die wêreld, toe daardie Lig van God oor hulle gegaan het.

160 Een man het gesê: "Ek het gedink hulle hipnotiseer daardie mense," hy was by die Phoenix diens, "maar," gesê: "toe ek gesien het daardie hipnose kan nie afgaan en die gedagtes van 'n mens se hart onderskei nie, ek sien dat hipnose nie hierdie dinge kan doen nie, en ek het saam met hulle gegaan, hulle is nie geleerdes nie," hy het gesê: "hulle is nie geleerde mense nie, hulle is so nederig soos hulle kan wees, maak net hulle hart oop," hy het gesê: "dit is God, en ek wil Dit hê," het hy net daar in tale begin praat. Amen.

161 "Dit sal Lig word teen die aandtyd." Die superteken sal ditself wys oor die Aandlig. Onthou, dieselfde son wat die lig in die aand gee, is dieselfde son wat lig gee in die oggend; dis nie 'n ander soort lig nie, dis dieselfde lig. Begryp julle dit?

162 God het gesê: "Ek gaan vir hulle 'n Ewige Teken gee, en Dit gaan 'n Seun wees." En daardie Seun, toe Hy op die oosterse mense geskyn het, nou skyn Hy op die westerse mense. Nou, jy kan nie nog verder gaan nie, son beweeg van die ooste na die weste, soos die beskawing beweeg het, ons is op die Weskus, ons verder gaan, is ons weer terug by die ooste. Dis by die eindtyd.

163 Die kosbare Christus, die God van die Ewigheid, skyn Homself op ons, maak Homself bekend in ons. Waardeur? Sy Woord tot die Volheid te verteenwoordig en aan die Woord. "En dit sal gebeur in die laaste dae, sê God, dat Ek My Gees sal uitstort op alle vlees," superteken, superteken.

164 Ons kry 'n superteken. Ons het denominasionele tekens gehad, ons het geloofsbelydenistekens gehad, leerstellingstekens, ensovoorts, maar nou kry ons die superteken, die Seun van God, gemanifesteer in ons in die Persoon van die Heilige Gees, wat God in julle is, God wat in menslike vlees werk, dit is Abraham se Saad.

165 Let op, aan die einde, net voor Abraham van Lot geskei is, en Sodom verbrand is, het God afgekom in die vorm van 'n man, en Hy het geëet. 'n Prediker het vir my gesê, nie lank gelede nie, gesê: "Broer Branham, nou jy's te verstandig daarvoor."

Ek het gesê: "Nee, ek is nie, ek's nie te verstandig nie." Ek het gesê: "Dit—dit wys net ek is by my volle verstand."

Hy het gesê: "Glo jy dit was God?"

Ek het gesê: "Abraham het Hom God genoem." Ek het gesê . . .

Hy het gesê: "Wat daardie vleis en daardie brood en goed geëet het?"

Ek het gesê: "Ja." Ek het gesê: "Jy vergeet net hoe groot God is."

166 Ek glo dit was twee Engele. Nou, julle sien, ons is net gemaak uit sestien elemente van die aarde, dis, julle weet, kalsium, kalium, petroleum, kosmiese lig, ensovoorts, God het net uitgestrek en 'n handvol van daardie goed beetgekry, en *Whew* gegaan, gesê: "Stap daar in, Gabriël, Ons gaan ondertoe," en vir Homself een gemaak. Dis reg.

167 O, ek's so bly om Hom so te ken! Al mag daar dalk nie eers een stukkie van my oor wees op die aarde nie, maar my God, Wat belowe het om my op te wek in die laaste dae, kan spreek, die kosmiese lig en dinge sal ontstaan, as my naam net op Sy Boek is, amen, daar geskryf is met die Bloed van die Lam. 'n Superteken.

168 Is julle nie gelukkig nie? Het julle Hom nie net lief met julle hele hart nie? Hy is so goed. Ek het Hom lief met alles wat in my is. God wat gemanifesteer word. Amen. Ek glo Hy is hier. Amen. Iets het net toe gebeur, ek het iets sien gebeur. Amen. Hy rugsteun altyd Sy Woord as dit reg is, 'n superteken. Kyk hierna:

169 Net daar, daar is iemand daar van oorsee af. Tolk vir hom. Jy's van Denemarke, jy ly, jou probleem is in jou senuwees, in jou spiere. Sê vir hom: "Vergeet daarvan, gaan terug soontoe en word gesond."

170 'n Superteken! Glo julle dit? 'n Superteken. Wat dink julle mense? Glo julle? Hê geloof in God, moenie twyfel nie.

171 Hier sit 'n man hier wat gereedmaak om 'n operasie te hê, het 'n gewas. Mnr. Harrison, as jy sal glo met jou hele hart, sal jy dit nie hoef te hê nie. As jy God op Sy Woord sal neem en Hom glo, sal dit alles verby wees. Dit hang van jou af, of jy Hom wil glo of nie.

172 Dame van Sacramento af, wat daar sit met 'n ingewandsprobleem, wil jy glo met jou hele hart? God sal jou gesond maak. Jy kan joune ontvang.

Superteken!

173 Wat van jou, Mnr. Love? Glo jy dat God jou kan gesond maak? Goed. Staan op jou voete en ontvang dit.

Ek ken nie die man nie, het hom nog nooit gesien nie.

174 Blaasprobleem, hoë bloeddruk, prostaatprobleem. Laat ek vir jou nog iets vertel, jy bid vir iemand anders, dis jou vrou, sy's nie hier nie. Glo jy dat ek Sy profeet is? As ek vir jou sê wat verkeerd is met jou vrou, sal jy haar genesing glo? Sy het ook hoë bloeddruk, glo nou, en sy sal gesond word.

Superteken.

175 Lê jou hand op daardie man wat daar langs jou sit. Jy het nie 'n gebedskaartjie nie, het jy, Meneer? Goed, glo met jou hele hart en daardie rugprobleem sal jou verlaat.

176 Goed, Meneer, omdat jy jou hand agtertoe uitgesteek het, hom bietjie daar gaan help, sit jou hande op hom. As jy sal glo, sal daardie leukemie jou verlaat, en sal jy gesond word, amen, as jy dit sal glo met jou hele hart.

177 Hê geloof in God. 'n Superteken, 'n teken wat nie kan faal nie, God van die Hemel staan teenwoordig. Hy het belowe Hy sou dit doen, het Hy nie? Glo julle met julle hele hart?

178 Nou, laat ek vir julle sê, enigiets buiten om wedergebore te wees, sal nooit die Wegraping bereik nie. Tensy daar 'n Kiem van die Lewe binne-in jou is, sal jy vergaan, jy kan nie weer opstaan nie. As jy nie daardie Kiem van die Lewe in jou het vanmiddag nie, en jy is nie 'n Christen nie, waarom stap jy nie net reguit hiernatoe, gaan hier verby, en laat ek saam met jou bid nie? Sal jy dit doen? Staan op.

179 Ek glo nie in al hierdie simpatie hier nie. Jy gaan nie Hemel toe op emosies nie, jy gaan Hemel toe omdat jy God se Woord glo, Jesus Christus sal aanvaar, dis wat.

180 As jy regtig sonder God is, kom reguit hiernatoe. Ek—ek voel gelei om dit te doen, om op te hou bid vir die siekes. Ek vra enige persoon sonder God, met geen hoop vanmiddag vir die opstanding nie, die superteken van God wat onder die mense beweeg, kom nou en glo met jou hele hart.

181 God seën jou, Meneer. Iemand anders volg hom. Hou net aan kom, hou aan opstaan en kom. Reg, Jong Man. Dis reg, Meneer, kom reguit hiernatoe. Amen. Kom reg hier in. [Broer Branham verlaat die mikrofoon om vir die manse te bid, baie van die woorde is onherkenbaar—Red.]. . .?. . .

182 Dis reg. Vorm net vir julle 'n rytjie hier. Gaan reg rondom, kniel by die sitplekke. Ons gaan binne 'n oomblik vir julle bid. [Broer Branham hou aan bid vir die mense, baie van die woorde is onherkenbaar—Red.]. . .?. . .

183 Moenie teruggaan na julle sitplekke toe nie. Kom reguit terug hiernatoe, ons is nie. . . [Broer Branham hou aan bid vir omtrent vyf minute, baie van die woorde is onherkenbaar—Red.]. . .?. . .

Here, skenk die salwing van die Heilige Gees op hierdie vrou om te gaan en 'n sendeling vir die Jode te wees, in Jesus' Naam. . .?. . .

184 'n Man op krukke wil gered word, is dit nie wonderlik nie? Nou die dag was daar 'n, eerste aand hier, was daar 'n vrou van omtrent sewentig jaar oud wat hier opgekom het, en sy was nog nooit gered nie. Sy het haar lewe vir Christus gegee, huis toe gegaan en gesterf. As dit nie genade is nie, ken ek dit nie. Gered nou. . .?. . .Mag God dieselfde vir ons broer gee, voor hy

uit daardie kamer uitkom daar . . . ? . . . kom met sy kruk, lê op die binnekant . . . ? . . . God seën hom, en gee hom die Ewige Lewe, en genees sy liggaam . . . ? . . . [Broer Branham hou aan bid vir die siekes, baie van die woorde is onherkenbaar—Red.]

185 Die dogtertjie se vader is hier, 'n Joodse man, kom en sê hy glo in die Here Jesus Christus . . . ? . . . en neem die poort van elke vyand in wat hom pla, in Jesus Christus' Naam. Seëninge op jou, Meneer. Ek sal jou in Glorie ontmoet indien nie voor . . . ? . . . [Broer Branham hou aan bid vir die mense, baie van die woorde is onherkenbaar—Red.]

186 (Het 'n plek vir 'n bandopnemer?) Nou, hoeveel het gebedskaartjies? Goed, van waar het ons nou die aand begin, of, by gekom? Was dit nie omtrent twintig nie? Waarin was ons? Ek, was dit nie? Ek, twintig is dit hier? Dis tot waar ons gekom het, I, twintig. Twintig, een-en-twintig, twee-en-twintig, drie-en-twintig, vier-en-twintig, vyf-en-twintig, in I. Goed.

187 Nou, die plekaanwysers sal julle hier help om in die ry te kom. Vyf-en-twintig, ses-en-twintig, sewe-en-twintig, agt-en-twintig, twintig- . . . Al die I's. In die I, bring dit. Gebedskaartjie I, twintig tot eenhonderd.

188 Wat is die volgende een, J? Goed, Meneer. Goed, terwyl hulle kom, gaan ons bid . . . Laat ons sien, hoe kom ons deur hulle almal? Goed, bid julle almal . . . ? . . .

189 Nou, J, ook. Almal wat gebedskaartjies het, staan op. Ons gaan nou iets 'n bietjie anders doen, as wat ons tot nou toe gedoen het. Almal wat gebedskaartjies het staan op *hier* oorkant.

Alle dinge is moontlik, glo net.

Glo net, glo net,
Alle dinge is moontlik, glo net;
Net . . . (Nou, staan nou net daar net . . .), glo net,
Alle dinge is moontlik, glo net.

190 Nou, sodat julle nie sal dink dat Goddelike genesing net tot die evangelis behoort nie, hierdie manne hier het net soveel reg om vir die siekes te bid as ek, Oral Roberts, of enige persoon, hulle is almal diensknegte van Christus.

191 En nou, as julle net sal glo! Ek wil hande lê op elke persoon wat oor die platvorm kom, nie net dit nie, maar ek wil hê my predikerbroers moet by my wees, om hande op die siekes te help lê, elkeen van julle, sodat julle sal sien dit is . . . die . . . julle gemeente kan sien dat net omdat julle nie die evangelis is nie, dit nie beteken God is nie met julle nie, net dieselfde met julle as enigiemand hier.

192 En nou, nou, vir julle mense wat in die gebedsry gaan kom, as julle kom in die verwagting om genees te word, sal julle gesond van daardie platvorm afloop. Nou, hoe . . . ? Nou kyk, moet nou

nie verkeerd verstaan nie, julle beter hierdie goed verstaan, want, as julle nie, sal julle net die muur tref. Maar as julle nie. . . As julle dit goed verstaan, gaan iets gebeur. Sien? Ek—ek—ek het julle lief, en ek—ek wil julle help, maar julle is. . . Luister na wat ek gaan sê.

193 Hoe kan ’n mens ooit in staat wees om gedagtes in mense te onderskei, en te sien wat gebeur? Nou, is dit reg? As hulle. . . as dit in—in Sodom gedoen was, sou dit vandag nog gestaan het. Sien? Dis groter, dis selfs. . . daar het meer net hier in daardie ry gebeur, as wat daar in die hele Bybel geskryf is.

194 In hierdie diens is daar meer gedoen in daardie lyn van ’n superteken, van die opstanding van Christus, en Sy Teenwoordigheid, wat wys Hy’s dieselfde God, dieselfde Een, met dieselfde teken, wat dieselfde ding doen. En Hy gesê, Self: “Ek doen niks tot die Vader My eers wys wat om te doen nie.” Is dit reg?

195 Nou, as Hy hier gestaan het, net nou, met hierdie pak klere aan, kon Hy jou nie genees as jy Hom nie geglo het nie. Nou, Hy kon jou sê wat jou probleem is, baie dinge soos daardie, maar Hy kon jou nie genees nie, want Hy het dit alreeds gedoen. “Deur Sy wonde *het* daar vir ons genesing gekom.” Is dit reg? Klaar verby, dis klaar gedoen, elke persoon.

196 Nou, luister goed, hierdie week het ek julle probeer kry om die groter manier te sien om dit te doen. Nou, daar was eenkeer ’n Jood wat gesê het: “Kom, lê U hande op my dogter, en sy sal lewe.” Dit was ’n Joodse gebruik, hand-oplegging. Maar die Romein, die Heiden, het gesê: “Ek is nie waardig dat U onder my dak kom nie, spreek net die Woord.”

197 En wanneer julle sien Sy Woord word gemanifesteer nie net met my nie, maar met julle, my geloof in ’n gawe, julle geloof in die God wat die gawe gestuur het, en dit sien werk tussen ons, is dit God.

198 Ek wens net ek kon dit by elkeen van julle tuisbring. As ek net hierdie groepie sover kon kry om dit sien, sal daar net nou nog ’n Pinkster gebeur, as ek julle net regtig kon kry om te begryp wat dit is.

199 Nou, laat ek net weer daar deurgaan, wees nou baie eerbiedig, kyk, God het belowe hierdie dinge sou gebeur in die laaste dae, hier gebeur hulle. Ek, in myself, ek’s ’n ignoramus, het nie eers ’n gewone skoolopleiding nie, weet niks van hierdie dinge af nie, die Hemelse Vader weet dis so, maar toe ek in die wêreld gebore is, toe ek net ’n klein seuntjie was, het ek visioene gesien en dit was tiene van duisende van hulle, en elkeen van hulle was nog volmaak. Nie een ding nie, ek het nog nooit enigiets voorspel, wat nie net presies op daardie manier gebeur het wat Dit gesê het dit sou gebeur nie. Sien?

200 Nou, dan sit jy daar, en jy sê jy's 'n Christen met geloof, dan gaan jou eie geloof na die—na die Troon van God toe, en raak die Hoëpriester aan, en Hy draai om deur 'n gawe en antwoord reguit terug, om te wys Hy's dieselfde God wat was, wat in my is, en in julle, Hy's dieselfde God.

201 Nou, dis . . . Het julle al ooit die foto daarvan daaragter gesien, julle het dit waarskynlik? Daardie selfde Engel, daardie Lig waarna julle kyk op daardie foto (Wanneer ek julle ontmoet by die Oordeelsbank, onthou hierdie is waarheid.), dit is nie twee voet van waar ek nou rondloop nie. Dis reg. Julle dit nie glo nie, begin iets sleg dink daarvan, kyk of Hy jou nie daarvan vertel nie. Sien? God is steeds God, Hy moet God wees, Hy is God, Hy was nog altyd God.

202 En kyk nou, as daardie salwing hier . . . Nou, miskien doen die broers dit nie, maar hierdie is ander predikers, daar's nege gawes wat na die Kerk toe gestuur deur God. Is dit reg? Apostels, wat "sendelinge" beteken, apostels, profete, dis sieners, en—en leraars, pastore, evangeliste. Dis al hierdie gawes wat hier bymekaar sit, nou nie net een amp nie, maar al hierdie ampte saam, met die Heilige Gees hier wat hulle manifesteer.

203 Hierdie pastore, hulle het julle geleer hoe om te lewe, julle het hulle instruksies gevolg en die Heilige Gees ontvang. Julle ontvang hulle . . . die Heilige Gees en verlossing ontvang deur presies te doen wat hierdie leraars vir julle gesê het om te doen. Nou, het ek gekom en vir julle gesê om te glo in die Here Jesus Christus, Hy sou terugpraat, en hier is dit deur 'n ander gawe. Nou, julle gaan onder die hande deur van elkeen van daardie gawes. Julle, hoe kan julle faal? Dit kan nie faal nie. Wanneer jy oor hierdie platvorm loop, en die eerste man lê sy hand op jou, sê: "Dank U, God, vir my genesing," gaan met vreugde daar af.

Nou, kom ons buig ons hoofde, almal.

204 Here, by die afsluiting van hierdie vyf-dag byeenkoms, besef ek hier, vandag, die opregtheid van die mense. En ek besef die gedrang, en die stremming, Satan sou daardie verwarring onder hulle gooi om hulle te keer om geloof te hê, maar ons vra U, Here, om hom terug te hou. Laat die Gees van Christus hom hier uitregeer.

205 En laat die mense, soos hulle oor die platvorm gaan, onthou dat hulle net presies volg wat die Skrif sê om te doen, "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Sekerlik, met vyf dienste agtermekaar, wat U Teenwoordigheid bevestig, deur praat in tale, deur uitleg van tale, deur die genesing van die mense, hulle uit rolstoele uitbring, en oraloor die plek, en siektes, en—en dinge wat gespreek is en vir die mense gesê is, en dan, die krag van God hulle te sien red, al hierdie dinge te sien gebeur, glo hulle, sekerlik.

206 Die harte bekendmaak, selfs die verborgenheid in die hart, en die mense vir wie hulle bid, hulle geliefdes ensovoorts. Sekerlik, kan hulle sien dis die lieflike Here Jesus.

207 Nou, laat Hom in Sy krag kom, in Sy mag. Ek seën my broers hier, Here, wat langs my gaan staan, hierdie pastore en leraars wat my gehelp het, wat hier langs my gestaan het, God seën hulle, mag hulle hande en liggaam gelaai wees met die Heilige Gees.

208 En soos hierdie mense siek is, dis—dis iemand se kinders, iemand se moeder, iemand se pa, iemand se man, iemand se vrou, dit kon myne gewees het, O God, met die diepste opregtheid, laat daardie mense verstaan dat hulle alreeds genees is, hulle moet dit net aanvaar. Skenk dit. "Deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom," en mag elkeen genees word wat vanmiddag deur hierdie ry gaan, soos ons hande op hulle lê, in Jesus' Naam. Amen.

209 Ek gaan vir my broers hier vra, dat julle 'n ry sal maak, net *hierlangs*. Kom reg hier op die platvorm op. Kom reg hiernatoe en maak 'n ry wat agtertoe wys in *hierdie* rigting, agtertoe wys in *hierdie* rigting. Dis reg, julle predikerbroers . . . ? . . . Nou, nou, vorm nog 'n ry reg aan *hierdie* kant.

210 Amen. Dis nou tyd vir aksie. Die Heilige Gees het gewys Hy is Self teenwoordig, die Woord het Ditself bevestig, nou is dit julle tyd om op te tree, hierdie is julle tyd. Hoeveel glo? Goed, soos julle deur hierdie ry gaan vanmiddag, kom deur in geloof. Gaan terug na julle sitplek, en gee God die lof. Maak nie saak wat verkeerd is met jou nie, glo in elk geval.

211 As daar enige kreupeles is, ek dink daar's iemand hier om 'n rolstoel te—te stoot, laat hulle hulle reg tot *hier* stoot, ons sal daar afkom en vir hulle bid, hulle hoef hulle nie op die platvorm op te bring nie, ons sal afkom soontoe. Julle hoef hulle nie op te lig, of enigiets nie, bring hulle net reg *hierlangs*, en ons sal afkom en vir hulle bid.

212 Nou, hoeveel in hierdie gebou wat gesond is, wat by ons gaan aansluit in gebed? . . . ? . . . Nou, draai om siek mense, kyk wie vir julle gaan bid, kyk bo-op hierdie platvorm hier.

213 Die Teenwoordigheid van die Heilige Gees, 'n superteken! Hierdie teken is nog nooit in die Kerk gedoen vanaf die dae van die apostels nie, hier's 'n historikus wat hier staan, net nou, is nog nooit gedoen vanaf die dae van die apostels nie. Hoekom? Hierdie is die Aandlig, Sodom is oral om ons, dis vir die uitgeroepte Kerk.

214 Nou, dit is die ding wat God wil hê julle moet doen: Gaan hier deur, en sodra julle deurkom, kom met julle geloof gerig op God, en sê: "Ek glo dit net nou, Here, en ek aanvaar dit," loop reguit van die platvorm af, dis verby dan.

215 Goed. Nou, ek wil hê al die mense in die gehoor moet ook nou saam met ons bid, soos ons ons hoofde buig soos die mense deurkom.

216 (Laat ons dit hier neersit, sodat niemand daarop sal trap nie, soos *hier* oorkant aan die kant. Nou, broer, een van julle hier sal *hierdie* neem. Broer Kopp, as jy miskien *hierdie* sal vashou terwyl ek vir die siekes bid, Broer.)

217 O, iets moet gebeur, of hoe? Hoeveel glo dit moet? Ek glo. Nou, kom ons buig nou almal ons hoofde, eerbiediglik, en, terwyl ons bid, en laat die gehoor nou begin deurkom.

218 Ons Hemelse Vader, hierdie vrou breek nou vorentoe in hierdie groot gebedsry, vir vanmiddag, sy kom eerste deur, hand na hand sal op haar gelê word, en ander, soos hulle verbykom, terwyl daar gebede oral opgaan.

219 Nou, Here, hierdie is . . . Ek glo nie U kan enigiets meer doen as wat U alreeds gedoen het nie. U het U Teenwooordigheid gewys, U het U Woord bevestig, al hierdie groot dinge gedoen.

En nou, Here God, laat dit so wees, laat elkeen genees word soos hulle deurgaan. In die Naam van Jesus Christus, skenk dit, Here, soos hulle gaan.

[Broer Branham bid vir die siek mense, baie van die woorde is onherkenbaar—Red.]

220 Ek wil die ry net vir ’n oomblik stop. Sien julle hierdie gekleurde seun? Gisteraand is hy genees en geneem van ’n verlamde, in ’n rolstoel, hier loop hy hierdeur om God die glorie te gee . . . ? . . . God seën jou . . . ? . . .

Hou aan bid almal, hou aan bid, julle is in die Teenwoordigheid van God.

62-0624 Super Teken
Groot Westerse Uitstalling Sentrum
South Gate, Kalifornië V.S.A.

AFRIKAANS

©2023 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org